STROMINGE IN DIE VROUEBEWEGING: 'N VOORLOPIGE RAAMWERK[1]

M. van Niekerk

Departement Kunsgeskiedenis, PU vir CHO

SUMMARY

The Biblical principle of reformation challenges the Christian to question the traditional position of women and if necessary to change it, as well as to critically evaluate the various trends within the women's movement.

It is stated that the generalizing use of the term feminism has become outdated, and should be replaced by differentiated terminology. The latter should be based on critical nuancing, with due regard to the view of history, the approach to sexuality/sex and the religious directedness of each specific trend or school of thought.

Against the background of the sexism and traditionalism of male chauvinism, this article offers a preliminary framework from which a number of feminist and moderate trends within the women's movement can be identified. Within feminism a distinction is drawn between egalitarian and gynaecentric (neo-sexist) trends. The moderate wing of the women's movement includes a humanist and a Christian approach, with androgynous and holistic views respectively as examples of these.

Finally the author points out that the use of the Bible by feminist theologians and other representatives of the women's movement offers no guarantee for Scriptural viewpoints, and warns against generalizing judgments about proponents of women's rights.

---

[1] Hierdie artikel is gebaseer op 'n gedeelte van 'n referaat getitel "'n Reformatoriese Visie op die Feminisme en die Posisie van die Vrou", gelewer op 6 Maart 1987 by geleentheid van die Stokerlesing van die PU vir CHO te Potchefstroom.

This article is based on a section of a paper, A Reformational View on Feminism and the Position of the Woman, read by the author on 6 March 1987 on the occasion of the Stoker Commemorative Lecture of the PU for CHE, Potchefstroom. INLEIDING

Om in die jaar 1988 in Suid-Afrika te besin oor die vraag na die posisie van die vrou en oor die vrouebeweging, laat 'n mens bykans onmiddellik dink dat daar tyd afgestaan word aan sake wat nie werklik in die brandpunt van die eintlike vraagstukke staan nie. Immers, die belangrikste kwessies in ons land is tans tog seker die benarde ekonomiese en politieke situasie - of so meen die meeste mense.

Vanuit minstens drie ander gesigshoeke verg die vrouebeweging en die posisie van die vrou egter wel aandag: Eerstens sou geredeneer kon word dat daar duidelike verbande bestaan tussen die benutting van mannekrag en die misbruik van vrouekrag in ons land, en dat dit die kwessie van vroueregte onmiddellik koppel aan die ekonomiese situasie. Tweedens sou betoog kon word dat die skaarsheid aan vroulike politici mede-verantwoordelik is vir die manlik-stereotiepe eensydigheid van harde optrede, kragdadigheid, berekende selfbehoud en kompetisie wat dikwels die botoon voer in ons politieke situasie. Derdens kan die posisie van die vrou egter ook as 'n belangrike kwessie beskou word vanuit die Bybelse gesigshoek van reformasie, en dit noodsaak vanselfsprekend 'n kritiese besinning oor die vrouebeweging, aangesien laasgenoemde strewe na die ontwikkeling van die vrou se posisie tot op die vlak van volledige menswaardigheid.

## BELANG VAN DIE TEMA IN REFORMATORIESE KONTEKS

Reformasie as omvattende, steeds voortgaande proses in die geskiedenis, is geensins 'n natuurnoodwendigheid nie, maar ewe min 'n vryblywende saak waartoe slegs enkelinge hulle hoef te verbind. Reformasie is en bly immers 'n Skriftuurlike eis vir elkeen wie se hart in Christus veranker is, en dit is niks anders nie as die daaglikse bekering waarvan die Skrif ons leer. Bekering moet egter nie net in die houding, instelling en beslissings van individuele gelowiges na vore kom nie, maar moet ook deurwerk na die groter strukture wat die lewens van baie mense raak.

Dit is van kardinale belang om te besef dat die wyse waarop reformasie in strukture soos die owerheidsinstellings, die kerk, die bedryf, die huwelik ensovoorts na vore kom, of miskien juis nie na vore kom nie, die beeld van die Christendom in ons land en daarbuite mede-bepaal, tesame met die optrede en houdings van individue binne hierdie strukture. Dit geld des te meer vir samelewingsvorme wat op uitgesproke wyse aan die Christendom gekoppel word, en waar daar dus daarop aanspraak gemaak word dat dit 'n Christelike staat, Christelike huwelik en dergelike meer sou wees. In hierdie geval is daar vanselfsprekend 'n addisionele appèl om dit wat bely word, konkreet te maak. Dit beteken natuurlik nie dat die gelowige ten opsigte van hierdie strukture nou maar net die aanspraak op Christelikheid kan laat vaar en dat alles dan wel sou wees nie! Nee, dit sou 'n dubbelslagtige bestaan tot gevolg hê waar die Christen die allesomvattende reformatoriese appèl van die Skrif op sy lewe doelbewus probeer beperk tot die kerk en die godsdiens in engere sin, terwyl die res waarskynlik maar aan die "gesonde verstand" of aan eiebelang oorgelaat sou word.

Wie reformasie reg verstaan, besef daarenteen dat dit 'n allesinsluitende proses van medewerking aan die koms van Gods Koninkryk behels en dat dit sowel persoonlik as struktureel gestalte moet kry. Binne hierdie raamwerk gesien, is dit dan ook van belang om aandag te skenk aan die posisie van die vrou en om die instellings en moontlike skeeftrekkings van verskillende strominge binne die vrouebeweging krities te evalueer.

## "VROUEBEWEGING" AS SAMBREELTERM

"Vrouebeweging" word hier gedefinieer as 'n omvattende term wat alle persone, groepe en verenigings met al hul aksies, geskrifte en pogings van watter aard ook al insluit, om bewustelik rekenskap te gee van dit wat as onregmatige diskriminasie teen die vrou ervaar of beskou word, en wat doelbewus, op welke wyse ook al, wil meewerk tot verandering van die situasie. Hoewel die term "feminisme" gangbaar as sinoniem vir die vrouebeweging in al sy vorme gebruik word, sou dit heelwat onduidelikhede kon opklaar as daar 'n terminologiese differensiasie teweeg gebring kon word, waarin fyner onderskei kon word tussen feministiese en ander strominge binne die beweging.

MAATSTAWWE VIR TERMINOLOGIESE ONDERSKEIDINGS

Terminologiese differensiasie sou in hierdie geval sekerlik vanuit 'n verskeidenheid oogpunte kon plaasvind. Dit is noodsaaklik om tussen rewolusionêre en nie-rewolusionêre strominge te onderskei op grond van die metodes en/of aard van die historiese prosesse waarvolgens verteenwoordigers van die vrouebeweging verandering voorstaan, en tussen humanistiese en Christelike strominge volgens die religieuse wortels van waaruit hul opvattings ontspruit. Vir die doel van verantwoorde terminologiese verfynings kan egter nie nagelaat word om die kwessie van geslagtelikheid en die rol daarvan in die mens se lewe in 'n besinning rondom feminisme en die vrouebeweging te betrek nie.

Na aanleiding van bogenoemde maatstawwe word feminisme voorlopig gedefinieer as 'n lewensinstelling wat gehuldig word deur bepaalde verteenwoordigers van die vrouebeweging en wat gekenmerk word deur 'n antroposentriese (humanistiese) grondmotief, 'n rewolusionêre geskiedenisopvatting, 'n verwronge visie op geslagtelikheid en 'n ongenuanseerde reaksie teen bepaalde vorme van seksisme. Hierdie tipering van feminisme word hieronder (kyk FEMINISTIESE STROMINGE uitvoeriger omskryf en gemotiveer.

Die rede vir die noodsaak om 'n visie op geslagtelikheid ook as maatstaf vir die onderskeiding van verskillende strominge in die vrouebeweging te verreken, is die feit dat die versuim om aan geslagtelikheid sy regmatige plek in die lewe van die mens toe te ken, daartoe gelei het dat seksisme (as oorbeklemtoning van geslagtelikheid) in die historiese ontwikkeling gevestig geraak het. Meer spesifiek het drie variasies van seksisme histories vorm aangeneem, naamlik eerstens manlike chauvinisme, tweedens die vroulikheidskultus (Morgan, 1978) as "positiewe" (maar in werklikheid negatiewe) inspeling op die manlikheidskultus, en derdens die minderwaardige selfbeeld en/of daadwerklike minderwaardigheid wat by vele vroue aangetref word vanweë eeuelange geestelike kondisionering daartoe op grond van geslagtelikheid (kyk Lipman-Blumen, 1984:49-51). Verteenwoordigers van die vrouebeweging reageer deurgaans teen hierdie drie vorme van seksisme.

MANLIKE CHAUVINISME

Manlike chauvinisme was en is steeds 'n belangrike aanleidende oorsaak ten opsigte van laasgenoemde twee verskyningsvorme van seksisme. Om hierdie rede moet eers nader verduidelik word wat hieronder verstaan word.

Chauvinisme dui oorspronklik op 'n oortrokke patriotisme, na aanleiding van 'n Franse soldaat, Nicolas Chauvin, wat 'n absolute en naïewe getrouheid aan Napoleon openbaar het uit dankbaarheid vir militêre eerbewyse en vir 'n klein pensioen. Na 1815 het Chauvin die militaristiese kultus onder die veterane van die Napoleontiese leërs gesimboliseer. Later is die betekenis van ultranasionalisme (Bonapartisties al dan nie) aan die term "chauvinisme" geheg.

Na aanleiding hiervan word die term "manlike chauvinisme" oordragtelik gebruik binne die konteks van 'n oorskatting van geslagtelikheid, dit wil sê die onvermoë of die weiering om die grense daarvan te erken en te eerbiedig. Sodoende ondergaan die oorspronklike politiek-staatkundige term "chauvinisme" 'n betekenisuitbreiding om 'n oortrokke, dit wil sê ideologiese verering van manlikheid en alles wat daarmee in verband staan, in te sluit.

Chauvinisme het in verlede en hede na vore gekom in 'n manlike meerderwaardigheidsopvatting (Friedan, 1963:48) waarin sogenaamde tipies manlike persoonlikheidseienskappe, soos rasionaliteit, daadkrag, inisiatief, beslissingsbevoegdheid en dergelike meer ten koste van die vrou hooggejubel word as synde die onderskeidende eienskappe van die man op grond van sy manlike geslagtelikheid. Prakties gesproke kom manlike chauvinisme na vore in 'n groot verskeidenheid gedaantes en grade, vanaf openlike onregmatige diskriminasie teen die vrou, tot 'n neerbuigende of 'n paternalistiese of 'n oorbeskermende houding van mans teenoor vroue (vergelyk Wiersma, 1968:108-145). Dit steek ook kop uit in mans se behandeling van vroue as blote seksobjekte, met óf persoonlike genot, óf finansiële gewin as doelwit, soos dikwels gebeur in die advertensiewese en in pogings om die sirkulasiesyfers van dagblaaie te verhoog (kyk Adams en Laurikietis, 1980:67,69). Manlike chauvinisme is inderdaad 'n sewe-koppige draak wat in elke historiese situasie in die westerse beskawing 'n aantal eietydse koppe uitsteek. Die grootste gemene deler van hierdie verskeidenheid bestaan egter in twee

gemeenskaplike kenmerke wat beide hoogs onreformatories is omdat dit respektiewelik tradisionalisties en seksisties is:

Ten eerste verteenwoordig manlike chauvinisme 'n reaksionêre teruggrype na 'n minder gedifferensieerde stadium in die menslike kultuurontplooiing waar die huwelik en gesin nog nie selfstandig geword het ten opsigte van ander samelewingsvorme nie en waar die oppermag van die patriarg nog nie 'n histories agterhaalde begrip was nie. As sodanig is manlike chauvinisme dus 'n argaïsme, 'n verouderde patriargale ingesteldheid in die moderne tyd. Die vrouebeweging reageer teen hierdie gebrek aan 'n historiese bewussyn.

Tweedens, en miskien die belangrikste kenmerk van manlike chauvinisme, is dat dit die primêre rol wat geslagtelikheid in engere sin (seksualiteit) en in breëre sin (die psigiese en ander implikasies van seksualiteit) in die huwelik en gesin speel, oordra op die vrou se posisie in die res van die samelewing. Aldus word van vroue verwag om ook buite die huwelik en gesin 'n sogenaamde tipies vroulike posisie in te neem. Anders gestel, die chauvinis het geen besef daarvan dat 'n vrou se vroulikheid en 'n man se manlikheid in die res van die samelewing slegs van sekondêre belang is nie, in vergelyking met die primêre belang daarvan in die huwelik en gesin, juis vanweë die tipies biotiese fundering van hierdie twee samelewingsvorme.

Die gevolg is dat in 'n chauvinistiese samelewingsopset onregmatig teen die vrou gediskrimineer word op grond van 'n kriterium wat irrelevant is: haar vroulikheid. Sodoende word daarvan uitgegaan dat die vrou, juis omdat sy vrou is, 'n swakker akademikus, predikant, ekonoom, politikus ensovoorts as die man sou wees, terwyl laasgenoemde vanweë sy voortreflike persoonlikheidseienskappe wat saamhang met sy geslagtelikheid, op al hierdie terreine meerderwaardig sou wees.

Waar daar sprake is van manlike chauvinisme, hetsy in houdings van individuele mans teenoor vroue, hetsy in strukture of samelewingsvorme wat op 'n chauvinistiese lees geskoei is, ervaar moderne vroue dit as onderdrukkend - en heeltemal tereg ook, want waar die historiese ontwikkeling gestrem word en waar aan geslagtelikheid 'n oortrokke rol

in die mens se lewe toegeken word, druis dit in teen die gedagte van reformasie en lewer dit juis 'n situasie wat roep om positiewe verandering.

## REAKSIE VAN DIE FEMINISME

Die reaksie van die feminisme op bogenoemde chauvinistiese skeeftrekkings vertoon in hoofsaak twee neigings:

Eerstens, as oorreaksie op die tradisionalisme en reaksionisme vertoon die feminisme 'n rewolusionêre trek - die historiese ontwikkeling wat gerem of gevries is, moet volgens feministe liefs eensklaps plaasvind in 'n radikale omkering van die ou orde, geheel in diskontinuïteit met die verlede.

Tweedens toon die feminisme 'n verwronge visie op geslagtelikheid, en wel omdat feministe op tweërlei wyses reageer teen die chauviniste se oorbeklemtoning van geslagtelikheid: Enersyds word die rol van geslagtelikheid nou totaal onderbeklemtoon deur sommige feministe wat dit nog slegs van belang ag by die voortbrenging van kinders. Andersyds word weer die vroulike geslagtelikheid oorbeklemtoon ten koste van die man.

## STROMINGE IN DIE VROUEBEWEGING

Teen hierdie tyd behoort dit duidelik te wees dat die term "feminisme" met 'n groot mate van omsigtigheid hanteer behoort te word, sodat die verwarrende situasies teengewerk kan word wat noodwendigerwyse ontstaan wanneer elkeen op grond van sy eie ervarings en assosiasies 'n bepaalde betekenis daaraan heg: militantisme, mannetjiesagtigheid of slegs 'n gematigde strewe na gelyke regte vir vroue en mans. In aansluiting by die omskrywing van die vrouebeweging wat reeds gegee is, omvat laasgenoemde minstens twee hoofvertakkinge, naamlik die feministiese en die gematigde vleuels.

### a) FEMINISTIESE STROMINGE

Die term "feminisme" word gereserveer vir daardie ekstremistiese vertakkinge van die vrouebeweging wat 'n neiging tot rewolusionêre

opvattings, ideale en optredes toon. Tentatief gesproke, omvat dit myns insiens die volgende twee belangrike strominge wat onderskei moet word na aanleiding van verskillende visies op geslagtelikheid:

**i) Egalitaristiese feminisme**

Hierdie stroming poog om die vroulike geslagtelikheid te negeer of hoogstens te beperk tot prokreasie, juis vanweë die manlike uitbuiting daarvan om die vrou sogenaamd op haar plek te hou. Paradoksaal soos dit mag klink, is die man hier implisiet nog steeds die ideaalbeeld of model vir ware menswees. Die oogmerk is die grootste moontlike gelykheid (daarom "egalitaristies") tussen man en vrou. Hierdie ideaal moet bereik word deurdat die vrou die tradisioneel manlike eienskappe moet ontwikkel en beklemtoon, sodat sy as "geëmansipeerde" vrou haar merk in die mannewêreld kan maak.

**ii) Ginesentriese feminisme**

Feminisme verwys ook na daardie persone en groepe binne die vrouebeweging wie se opvattinge en ideale 'n meer konsekwente omkering van die ou, chauvinistiese orde impliseer en wat dus eintlik, as dit verwerklik sou word, op 'n omkering van die diskriminasie neerkom. Die vrou sal dan die eerste plek en die man die tweede plek inneem in die vrouewêreld, wat die mannewêreld sal vervang.

Hierdie ginesentriese stroming (van die Griekse woord "gunè" wat vrou beteken) waar die vrou in die middelpunt staan, sou ook as "neo-seksistiese feminisme" bestempel kon word, omdat dit in reaksie teen die man se hoogskatting van sy eie geslagtelikheid in 'n soortgelyke eensydigheid verval, waar die vroulike geslagtelikheid totaal oorskat word ten koste van die man. Hiermee word dit ook duidelik dat die gangbare onderskeiding van seksisme en feminisme as direkte teenpole van mekaar nie heeltemal hout sny nie en dat dit 'n oorvereenvoudiging is, aangesien daar binne die feminisme self ook 'n stroming aanwesig is waarin die vroulike geslagtelikheid en die positiewe persoonlikheidseienskappe wat sogenaamd uitsluitlik daarmee gepaard gaan, oorbeklemtoon word. In hierdie stroming word die manlike ideaalbeeld dus deur 'n vroulike ideaalbeeld vervang.

Die grondtendens van albei hierdie feministiese strominge is humanisties in die sin dat die mens en die verwerkliking van sy moontlikhede, sy selfverwesenliking, in die sentrum geplaas word. Dit gaan om die volledige bevryding van die outonome mens.

**b) GEMATIGDE STROMINGE**

Die gematigde figure in die vrouebeweging deel met die feministe 'n diepe bewustheid van die onreg wat in die verlede en hede teen die vrou gepleeg is en word, sowel as 'n besef van die noodsaak van verandering. Hulle opvattings toon egter nie dieselfde radikaal-rewolusionêre neiging as die feministe s'n nie, en hulle verval ook nie in dieselfde mate as die feministe in oorreaksies nie. By hierdie groep is daar gewoonlik ook meer begrip vir skewe ontwikkelinge in die geskiedenis, hoewel begrip hier geensins met goedkeuring gelykgestel mag word nie.

Die gematigdes val myns insiens uiteen in twee hoofkategorieë, wat soms moeilik van mekaar onderskeibaar is, juis omdat hulle nie altyd uitgesproke is oor die lewens- en wêreldbeskoulike basis waarop hulle opvattings berus nie. Tog is dit noodsaaklik om te besef dat hierdie twee gematigde groepe, ten spyte van die ooreenkomste wat daar mag bestaan in hul beskouings en strategieë, minstens in een opsig diepgrypend van mekaar verskil: beide sal totaal uiteenlopende antwoorde gee op die vraag na die sin van die bevryding en selfverwesenliking van die vrou. Juis op grond hiervan moet binne die gematigde groep minstens die volgende twee strominge onderskei word:

**i) Die gematigde humanistiese vrouebevryders**

Vanuit 'n meer of minder genuanseerde humanisme laat hierdie groep ruimte vir beide die man en die vrou se geslagtelikheid en wil hulle slegs vroueregte bevorder met die doel om aan beide vrou en man gelyke kanse te gee om hulle selfverwesenliking deur te voer (vergelyk Gould, 1972: 114-115). Hierdie groep kan nie werklik as feministe bestempel word nie, maar eerder as vrouebevryders. 'n Variasie hiervan word gevind in diegene wat miskien die beste as "androgene humaniste" bestempel kan word. (Die woord "androgeen" is afkomstig van die Griekse woorde "andros" vir man/mens en "guné" vir vrou.) In die literatuur word hulle

gewoonlik "androgene feministe" genoem. Hulle is voorstanders daarvan dat beide man en vrou daardie eienskappe wat tradisioneel slegs aan een geslag gekoppel is, as menslike eienskappe in hul persoonlikhede moet internaliseer (Spence en Helmreich, 1978:109).

ii) 'n Christelike stroming

Beide egalitaristiese en ginesentriese feministe, en die bogenoemde gematigde vrouebevryders moet voorts onderskei word van daardie voorstanders van vrouevryheid wat hulle ideale bewustelik op 'n Bybelse grondslag plaas, deurdat nie die antroposentriese ideaal van die (vrou)mens in die sentrum dominant is nie, maar by wie die verwerkliking van vrouevryheid gesien word as 'n reformatoriese konsekwensie van Skriftuurlike uitgangspunte, juis ter wille daarvan om as kind van God 'n ryker, meer bevredigende en sinvoller lewe te lei.

By hierdie groep moet liefs nie gepraat word van "vrouebevryders" nie, aangesien dit in laaste instansie nie die mens is wat die bevryding deur sy eie krag bewerkstellig nie. Een is die Bevryder, naamlik Christus, en die mens kan slegs sy vryheid in Christus konkreet maak.

By 'n gebrek aan 'n beter betiteling sou hierdie groep as "reformatoriese voorstanders van vrouevryheid" bestempel kon word, hoewel dit waarskynlik te lank is om as term inslag te vind. 'n Verdere nadeel van die betiteling sou ook na vore kom indien dit ter wille van bondigheid tot "reformatoriese VVV's" afgekort sou word, in welke geval dit dalk met "vrede, veiligheid en voorspoed" verwar sou kon word, of nog erger, met "vreemde, vlieënde voorwerpe"!

Ten spyte van terminologiese kwessies rondom hierdie groep, ly dit geen twyfel dat daar wel 'n dergelike stroming binne die vrouebeweging aanwesig is nie, soos blyk uit die feit dat 'n variasie hiervan gevind word in die sogenaamde holistiese feminisme van Felicity Edwards, soos wat sy self haar posisie beskryf (in Vorster, 1984:36-75). Teen die agtergrond van bostaande onderskeidings is "feminisme" hier vanselfsprekend nie die gepaste term nie, maar dit daar gelaat. Edwards se holisme toon ooreenkoms met die androgene ideaal, in haar beklemtoning van die noodsaak dat man en vrou, om volwaardige geïntegreerde mense te kan

wees, elk in hom- en haarself beide tradisioneel manlike en tradisioneel vroulike eienskappe moet ontwikkel, en dat die gangbare negatiewe beoordeling van vroulikheid hokgeslaan moet word. In haar holisme verstaan sy egter bevryding as die heel-heid wat die verlossing van alle mense en dinge in Christus inhou, 'n heelheid waarin die dinamiese interaksie, balans en integrasie van komplementêre beginsels en skynbare polariteite na vore sal kom, en nie die dominering van die een oor die ander nie. As voorbeeld hiervan noem sy man en vrou, manlikheid en vroulikheid, siel en liggaam, natuur en genade, God en die mensheid.

## DIE GEBRUIK VAN DIE BYBEL

Uit die enkele voorbeeld van 'n verteenwoordiger van 'n Christelike stroming wat hierbo genoem is, mag nie die afleiding gemaak word dat slegs persone wat tot hierdie groep behoort, hulle op die Skrif beroep nie. Ook verteenwoordigers van die ander strominge sou vanuit hul eie raamwerk bepaalde Bybelse perspektiewe in hul opvattings kon betrek, en sou in ekstreme gevalle selfs poog om die Bybel feministies te herskryf. Die blote feit dat die Skrif gebruik (misbruik?) word, is sekerlik nog geen waarborg vir Skriftuurlike standpunte nie (vergelyk Clark en Richardson, 1977:217). Ook die individuele feministiese teoloë se onderskeie beskouinge sal dus deeglik getoets moet word om vas te stel met watter vertakkinge van die vrouebeweging hulle die meeste ooreenkomste toon, sodat daar nie op naïewe wyse aanvaar kan word dat hierdie teoloë by uitstek tot die laaste groep behoort nie.

## SLOT

Dit was nie die oogmerk om by elk van hierdie strominge name van vroue uit die geskiedenis van die vrouebeweging te gee nie. Die skryfster wou doelbewus slegs 'n paar prinsipiële lyne trek met die oog op 'n voorlopige raamwerk waarmee die standpunte van verskillende verteenwoordigers van die vrouebeweging met 'n mate van insig bestudeer en geëvalueer sou kon word.

Die doel met hierdie onderskeidinge is beslis ook nie om die verskillende strominge in waterdigte kompartemente af te grens nie - ongetwyfeld sal daar mengvorme en kruisbeïnvloeding tussen die groepe bestaan.

Die oogmerk was alleenlik om die hoogs veralgemenende siening van die vrouebeweging as identies met feminisme teen te werk en te maan tot versigtigheid, sodat 'n vrou wat haar stem verhef ten gunste van vrouevryheid nie summier as 'n feminis geëtiketteer, (soms selfs uitgekryt) moet word nie, maar sodat daar fyner geluister moet word na wat sy te sê het en noukeuriger onderskei moet word ten opsigte van die wortels waaruit haar opvattings ontspruit, die metodes waarvolgens sy haar ideale wil verwesenlik en die implikasies daarvan vir die mensheid. Hoewel daar raakpunte en ooreenkomste tussen hierdie groepe bestaan, veral in gemeenskaplike antipatieë, is daar immers ook beduidende verskille en dus in ieder geval geen identiteit nie.

BIBLIOGRAFIE

ADAM, Ruth. 1975. A Woman's Place 1910 - 1975. London : Chatto and Windus.

ADAMS, Carol and LAURIKIETIS, Rae. 1980. The Gender Trap. Book 3: Messages and Images. 2nd revised edition. London : Virago Ltd.

BERNARD, Jessie. 1975. Women, Wives, Mothers: Values and Options. Chicago : Aldine Publishing Co.

CLARK, Elizabeth and RICHARDSON, Herbert (eds.) 1977. Women and Religion: A Feminist Sourcebook of Christian Thought. New York : Harper and Row.

DE BEAUVOIR, Simone. 1968. De Tweede Sekse. Deel 2: Geleefde Werkelijkheid. Uit die Frans vertaal deur Jan Hardenberg. Utrecht : Erven J. Bijleveld.

EDWARDS, F. 1984. God from a feminist perspective. (In Vorster, W.S., red. Sexism and feminism in theological perspective. Pretoria : University of South Africa. p. 36-75.)

EHRHARDT, Anke, A. 1975. Prenatal Hormones and Human Behavior: Implications for the Status of Women. (In Raphael, Dana red. Being Female: Reproduction, Power, and Change. Den Haag : Mouton Publishers. p. 19-24.)

FRIEDAN, Betty. 1963. The Feminine Mystique. London : Victor Gollancz.

GOULD, Elsie M. red 1972. American woman today: free or frustrated? Englewood Cliffs, N.J. : Prentice-Hall.

HARDING, Sandra and HINTIKKA, Merrill B., (reds.) 1983. Discovering Reality: Feminist Perspectives on Epistemology, Metaphysics, Methodol-

ogy, and Philosophy of Science. Dordrecht, Holland : D. Reidel Publishing Co.

LANDMAN, C. A Profile of Feminist Theology. (In Vorster, W.S. red. 1984. Sexism and Feminism in Theological Perspective. Pretoria : University of South Africa. p. 1-30.)

LIPMAN-BLUMEN, Jean. 1984. Gender Roles and Power. Englewood Cliffs, New Jersey : Prentice-Hall, Inc.

MORGAN, Marabel. 1978. Volkome Vrou. Tweede uitgawe. Uit die Engels vertaal deur Kobie Gouws. Roodepoort : Christelike Uitgewers-Maatskappy.

SPENCE, Janet T., and HELMREICH, Robert L. 1978. Masculinity and Femininity: Their Psychological Dimensions, Correlates, and Antecedents. Austin & London : University of Texas Press.

WIERSMA, D. 1968. Man en Vrouw: Maatschappelijk en Onmaatschappelijk. Leiden : A.W. Sijthoff.